Vriend

LES 3: ONSELFSUGTIGHEID

Jonatan was onselfsugtig - hy het vir Dawid sy sukses gegun

Doel: Leer vir die kinders dat dinge somtyds vir jou onregverdig kan lyk, maar dat jy dit moet aanvaar en vir ander sukses moet gun. Jonatan en Dawid se vriendskap word gebruik as basis van 'n onselfsugtige vriendskap.

Aktiwiteit: Elke kind kry 'n glas met koeldrank en 'n strooitjie waarmee hulle dit moet drink. Maak voor die tyd gaatjies met 'n koppiespeld in sommige van die strooitjies sonder dat die kinders dit weet, maar hou 2 strooitjies heel. Laat al die kinders gelyk begin drink en kyk wie eerste hulle koeldrank kan opdrink. Die kinders met die gaatjies sal baie sukkel om die koeldrank gedrink te kry en die kinders met die heel strooitjies sal onregverdiglik wen. Gee 'n klein prys vir al die wenners (bv. 'n lekkertjie).
(Vir 'n groter groep kan mens bv. 'n paar kinders kies om aan die aktiwiteit deel te neem en die res kan net waarneem.)

Inleiding: Hoe het jy gevoel toe net die wenners pryse gekry het? Hoe voel jy as jou maatjie elke keer beter as jy doen in 'n toets? Of as jou maatjie gekies word vir die rugbyspan en jy word nie gekies nie?

Wanneer so iets gebeur, het jy altyd 'n keuse hoe jy gaan reageer. Jy kan jaloers voel en lelik wees met jou maatjie of jy kan saam met hom/haar bly wees. Dalk kan hy/sy jou help om beter te raak in die sport of aktiwiteit waarin jy nie so goed is nie.

Ons het al in die vorige lesse geleer van Dawid en Jonatan se vriendskap. Jonatan was volgens gebruik Saul se opvolger as koning, maar omdat God reeds vir Dawid gekies het as volgende koning en omdat Dawid deur Samuel gesalf is, moes Jonatan terugstaan.

Bybelteks:
Lees 1 Samuel 19:1-7 en 1 Samuel 23:14-18.

Les: Jonatan het vele kere vir Dawid by Saul gaan pleit en hy het aan Dawid belowe dat Dawid sou koning word en dat hy onder hom sal staan. Jonatan was onselfsugtig genoeg om aan Dawid sukses te gun en het hom selfs ondersteun en gehelp om dit te behaal.

Julle kan julle seker indink hoe moeilik dit moet wees om jou vriend eerder te laat koning word as jyself die prins en troonopvolger is.

As ons nou verder in die Bybelgeskiedenis kyk, sien ons dat Jesus ook baie onselfsugtig was. Hy was tevrede om 'n mens te word en swaar te kry op aarde en veral aan die kruis en so sy lewe te gee vir ons sondes.
Miskien sal dit volgende keer vir jou makliker wees as jy dink iets is onregverdig as jy onthou van Jonatan en van Jesus.

In die Bybel is baie tekste wat vir ons sê dat dit beter is om te gee as om te ontvang. As jou hart vol liefde is, sal daar nie plek wees om selfsugtig te wees nie. Ons gaan nou elkeen 'n "onselfsugtige wiel" maak om ons te help om dit te onthou .

Hoe kan jy vir iemand iets doen wat onselfsugtig is?

Aktiwiteit: Die "Onselfsugtige Wiel":
Benodigdhede: Karton, skêre, "split pins", inkleurkryte
Metode: Kopieer die sirkels op karton. Knip die sirkels uit en sny die wiggie uit by die sirkel met die hartjie op. Kleur die hartjie in. Sit die sirkel met die hartjie bo-op die ander een en sit die twee aan mekaar vas met 'n "split pin".
Draai die onderste sirkel en lees die versies om te onthou dat jy nie selfsugtig moet wees nie, maar vir ander mense dinge moet gun.

(Wiel voorbeeld op bl 18)

(Die idee van die "onselfsugtige wiel" kom uit die Steps-reeks – "Unselfishness".)

Onselfsugtige wiel
(Les 3, bl 7)